

Skriflesing: 1 Kor 15:12-28

Tema: Christus se opstanding breek vir ons die nuwe lewe oop!

Hoe sou ons lewens gelyk het as die evangelie op Vrydag 25 Maart 2016 geëindig het? Dit was Goeie Vrydag, die dag waarop ons die kruisiging en sterwe van Christus herdenk het. As Christus nog dood was, dan was ons prediking 'n klomp leuens, ons geloof leeg en waardeloos, ons getuies, ook oor God, was vals, alle Christene was verlore en die dood was vir ons 'n finale verskrikking. As Christus nog dood was, was ons gebore om te sterf.

Sonder 'n leë graf sou die kruis niks beteken het nie. Die opstanding is die oopbreek van die lewe en die allesomvattende heerskappy van God. Dit is die hart van die evangelie. Ons geloof staan en val by Jesus Christus en Sy opstanding.

As Christus nie opgestaan het nie, was al ons opoffering, diens en hierdie erediens 'n mors van tyd. Ons sou met ons kerk en godsdiens en al die allerellendigste van alle mense gewees het. Dan kon ons maar leef soos mense wat God nie ken en dien nie. Ons kon eet en drink en alles doen wat ons sondige natuur wil, want môre sterf ons vir ewig.

Maar Christus het opgestaan! Hier was mense in Paulus se tyd wat Sy liggaamlike opstanding bevraagteken het. Die gemeente van Korinte het dit egter nie ontken nie. Hulle het net nie geleef uit die implikasies van Sy opstanding nie.

Wat beteken Sy opstanding? Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 17, Vraag 45 vra dieselfde vraag: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste het Hy deur Sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur Sy dood verwerf het, deelagtig kon maak. Ten tweede word ons nou ook deur Sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek. Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding.

Christus het opgestaan. Dit beteken vir elkeen van ons drie dinge:

1. Dit beteken Hy het my saak met God reggemaak

God was die Regter. Voor Hom het ek en jy het in die beskuldigdebank gestaan. Ons was aangekla van sonde. Die Regter het ons skuldig bevind. Die straf op sonde was die ewige dood. Maar toe gryp God in Sy liefde in. Hy laat ons uit die beskuldigdebank tree en plaas sy Seun in ons plek. Jesus Christus neem ons sonde op Hom en sterf in ons plek. Hy staan op as bewys dat sonde wat skeiding tussen God en ons gemaak het, oorwin is.

Van Adam erf ons sonde wat lei tot die dood. Christus is opgewek uit die dood. Hy is eersteling van die wat gesterf het. Christus is die eersteling wat opgestaan het. Hy het ons sonde en dood oorwin. Met Hom staan ons as Sy kinders op en ons lewe.

2. In sy krag word ons tot nuwe lewe opgewek

Met Christus staan ons op uit ons sondedood. Wie in Hom glo, se saak is reg met God.. Ons is vrygespreek van sonde of van enige binding wat sonde oor ons kan kan hê. As Sy kinders deel ons in Sy lewe in oorfloed. Daarom kan ons uitjubel: "Jesus leef en ons met Hom!"

3. Sy opstandig is ons waarborg dat ons die ewige lewe het

Paulus skryf in 1 Kor 15:19 "As Christenskap net iets beteken terwyl ons nog hier op aarde is en daar is nie 'n lewe hierna nie, is ons 'n hooplose spul mense vir wie ander

net jammer kan voel." In Paulus se tyd het bekering tot Christendom beteken dat jy deur jou vriende en familie verwerp kon word. Christenwees het beteken dat jy vervolg word en selfs kon sterf. In menseterme was dit op aarde beslis nie voordelig om 'n Christen te wees nie. Dit het jou saak in die samelewing benadeel. In hierdie lewe het Christene baie dinge "verloor" ter wille van hulle geloof. As Christenwees net vir hier en nou was, het dit vir Christene in Paulus se tyd 'n stuk swaarkry met die dood as finale einde beteken.

Ek en jy ly nie so baie vir die Here soos in Paulus se tyd nie, maar Christenwees kos ons steeds iets. Ons kan nie saam met die sondestroom dryf nie. Ons moet opstaan, vasstaan en soms alleen staan en 'n verskil maak vir die Here.

As ons godsdienst net vir hier en nou was en die ewige lewe net 'n mooi storie kon mense vir ons jammer voel. As ons net hoop op Christus en leef vir Christus vir hierdie lewe en die dood die einde van alles was, dan was ons lewe in diens van die Here 'n bitter grap. Dan was alles tevergeefs. As ons lewe met die Here sou eindig die dag wanneer ons sterf, dan was ons die bejammerenswaardigste van alle mense.

Maar die dood het nie die laaste sê nie! Christus het opgestaan uit die dood! Ons laaste vyand, die dood, is doodgemaak. Christus is die eersteling van die wat opgestaan het. Sy opstanding is nie 'n geïsoleerde gebeurtenis nie. Hy het opgestaan ter wille van ons. En sy opstanding het nie net betekenis vir die lewe op aarde nie. Met Hom sal ek en jy opstaan en deel in die lewe hierna. Dit het betekenis vir altyd. Sy opwekking maak ons opgewek.

Wanneer Christus weer kom sal hy met die dood, as laaste vyand, klaarspeel. Hy sal alles, ook die bose, finaal aan Hom onderwerp. Ons lees in Rom 14:11 dat: "elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Hy God is." Dan sal Hy Homself aan God, die Vader, onderwerp. Met Hom sal ons, wat aan Hom behoort, ook opstaan met verheerlikte liggame soos syne om saam met Hom te heers.

Christus se opstanding is die oopbreek van die lewe vir elkeen van ons. Dit is die waarborg dat ons saak met God reg is en dat ons die lewe en die ewige lewe het. Neem dit, maak dit jou eie en gaan leef dit!

Sien die wêreld in jou lewe dat die Here leef en dat jy deel in Sy nuwe oorwinningslewe? Sien die wêreld dat 'hier-en-nou' jou tydelike adres is? Christus se opstanding is ons elkeen se waarborg dat ons net deur hierdie wêreld op pad is na ons volmaakte permanente adres saam met Hom.

Amen